

## Mundulea sericea

E: fish bean, cork bush, silver bush  
A: visgif, visboontjie, kurkbos, mangaanbos  
D: Korkrindenstrauch, Fischgift  
H: Ovih, omukeka

Een van die mooiste "sierstruik" in ons area is die *Mundulea sericea* of visgifstruik, wat tot 3m hoog kan groei. Kort na die eerste reens word die struik oortrek met massas pienk tot pers ertjieblomme, selde ook wit. Laat in die somer/herfs verkleur die geveerde blare na geel en oranje. 'n Plant met groot tuinpotensiaal; gehard teen droogdetye asook ryp...MAAR dit is giftig, veral die bas en die sade, maar ook die wortels. Die groen blare bevat slegs effens gif en word deur wild en/of vee gevreet en berokken geen skade nie, behalwe vir insekte. (Natuurlike insekdoder???) Dit kom in die hele noordelike helfte van Namibia voor.



Omdat dit giftig is vir insekte, word die beblaaide takke in die noorde gebruik om muskiete weg te hou en is so 'n voorbehoedmiddel teen Malaria.

Navorsing het getoon, dat *Mundulea sericea* 'n stof bevat, wat voorbehoedend teen allerhande tropiese muggies, muskiete, vlieë en selfs wurms kan werk wat TROPIESE SIEKTES kan oordra (malaria, geelkoors (Gelbfieber), filariasis (veroorsoak verdikking van vel en vetweefsel...elephantiasis), dengue koors (bloedsiekte), chikungunya (skielike koors, opswel van gewigte) en encephalitis (breinontsteking)). Dit is inderdaad BAIE GOEIE NUUS, maar die navorsing is nog nie afgesluit nie.

Teen luse word die vel met gekneusde blare gevrywe.

Dit maak dan ook sin, dat bv. die Himbas die blare gebruik om hulle hare mee te kleur, so te se, 'n dubbeldoel haarkleursel.

Jong takkies word gekou en as tandeborsel gebruik.

Dit het egter ook medisinale waarde en word gebruik vir:

- behandeling teen Malaria (worteltee of rookbad onder 'n kombers, waar gedroogde, fyn gerasperde wortelstukke op kole gegooi word)
- om aborsie in te lei, om hardlywigheid tee te werk, om pasient by vergiftigings te laat braak
- By 'n geboorte wat a.g.v. 'n baba wat verkeerd lê, moeilik is, word 'n aftreksel van wortels ingegee.



Vee wat deur hierdie plant vergiftig is, sterf uiteindelik aan hartversaking.

Die Boesmans maak van die hout hulle grawestokke om bolle en wortels uit te gawe.

In die noorde word bas gerasper en op water gegooi. Visse begin gou-gou bo dryf en kan ingesamel word.

Die Boesmans breek takke af en slaan daarmee op die water tot dit skuim, dan dryf die visse ook bo en kan "ge-oes" word.

Die eerste metode het blykbaar al krokodille laat vrek!. Blykbaar is die visse gevang met metode twee veiliger om te eet as die' gevang deur metode een.

Hierdie praktyk om visse te vang, het die plant sy naam gegee..... Inderdaad 'n plant om in oenskyn te neem!

As tuinplant is dit baie geskik, veral in kleiner of rotstuine. "n Mens kan ook van die struik dig bymekaar plant om 'n heining te kweek wat dan gereeld gesnoei kan word. Dit maak nogal mooi potplante of selfs bonsaitjies. Julle tuiniers: toets gerus en eksperimenteer, dit groei redelik maklik en is gehard. Die lyk soos boontjies en moet baie effens op die dop beskadig (met 'n naelvyl effens gevyl) of in kookwater gesit en vir 12 uur geweek word vir beter ontkieming.

Inligtingsbronne:

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)

Gemsbok Bean and Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Trees and Shrubs of Namibia (LeRoux and Mueller's field guide to.. revised and expanded by Coleen Mannheimer and Barbara Curtis)

Verjagt Verweht Vergessen (Reinhard Friederich und Horst Lempp)

Google Wikipedia